



WnL CONNECT Groepe

Reageer op die Krag van Jesus

Lukas 8:26-39

HOOFPUNT

Wanneer ons Jesus volg, sal ons sy krag in ons lewe ervaar en vir ander vertel wat Hy vir ons gedoen het.

INLEIDING

Gebruik hierdie gedeelte om die onderwerp van bespreking aan te bied.

- Wie was jou gunsteling superheld toe jy 'n kind was? Hoekom?
- Wat sou jy sê is jou sterkpunte? Wat is jou swakpunte? Hoe motiveer jou swakpunte jou om op Jesus te vertrou? Gee voorbeelde.

In Lukas 8 het Jesus 'n leër van bese teëgekom. Hierdie geeste het mag gehad oor die persoon in wie hulle gevaar het, maar kon nie vergelyk word met die krag van die Seun van God nie. Jesus se optrede hierop het verskillende reaksies by die mense ontloot. Hulle optrede daag ons uit om die krag van Jesus te erken, sy mag te verwelkom wat ons ook van die bese natuur in ons te verlos en mense daarvan te vertel.

BEGRIP

Ontleed die teksverse om uit te vind wat die Skrif oor hierdie spesifieke onderwerp te sê het.

Vra 'n vrywilliger om Lukas 8:26-33 te lees.

Nadat Jesus oor die See van Galilea gevaar het, het 'n man wat met duiwels beset was, Hom gekonfronteer. Die man is deur baie demone oorgeneem en sy hele liggaam beset wat van hom 'n ander persoon gemaak het. Hy het geen klere gedra nie en het tussen die dooies gewoon. Selfs kettings kon hom nie in toom hou nie. Hy was geïsoleer van sy gemeenskap, waansinnig en in 'n hopelose toestand.

- Hoe het die besetene Jesus aangespreek? Wat is so betekenisvol daaromtrent dat hy Jesus so aangespreek het?
- Hoekom dink jy het die besetene verkies om eerder met Jesus in gesprek te tree, in plaas daarvan om van Hom af weg te hardloop?
- Wat leer jy van Jesus uit hierdie gebeurtenis?



Die feit dat Jesus die duiwels uitgedryf het, was nie net 'n bewys van sy bonatuurlike vermoëns nie, maar ook van sy krag teen die duisternis. Die besetene noem homself 'Legioen', 'n naam wat nie net 'n groot getal beteken nie (5 600 soldate), maar die term verwys na 'n groot georganiseerde versameling van soldate wat aan 'n groter leër verbonde was. Met ander woorde, hierdie demone was 'n versameling van bese teeste in oorlog teen hierdie man en uiteindelik teen God. Hulle was egter vreesbevange toe hulle Jesus sien en het begin om die voorwaardes van hul oorgawe daar te stel.

Die demone wat hierdie man beheer het, het Jesus onmiddellik herken en het geweet dat sy mag baie groter is as hulle s'n. Jesus is die 'Seun van die Allerhoogste God', en die demone het geweet dat hulle lot op Jesus se woord berus. Elke keer wanneer Jesus se krag en heerlikheid ten toon gestel is, het dit teruggewys na sy Vader.

Die demone het gesmeek dat Jesus hulle nie na die plek van ewige vernietiging (die afgrond) sou stuur nie, maar eerder in 'n trop varke wat daar naby was. Hulle interaksie met Jesus het gewys dat hulle ten volle bewus was van hul eindbestemming. Hulle begrip van wie Jesus was asook wat hulle bepaalde einde sou wees, was ironies omdat Jesus se eie dissipels nog nie eers die volle begrip hiervan gehad het nie. Jesus se dissipels moes nog die diepte van hierdie "Seun van die Allerhoogste God" begryp.

Vra 'n vrywilliger om Lukas 8:34-39 te lees.

- Waarvan het die Gadareense veewagters gepraat? Die mense van die omliggende gebied? Die man wat voorheen demonies besete was? Met wie identifiseer jy die meeste? Hoekom?
- Watter soort lewe dink jy het die verlore man gehoop om te hê toe hy Jesus gesmeek het om by Hom te gaan bly? Hoe het Jesus sy begrip van wat dit beteken om Hom te volg, verander?
- Wat leer jy uit hierdie verhaal oor die verskillende maniere waarop ons op Jesus kan reageer?

Hierdie skare het anders as ander skares gereageer. Mense wat getuies is van 'n genesing of die uitdrijving van demone, het Jesus gewoonlik lastig geval om ander te genees of te help. Nie die Gadareners nie. Hulle het geëis dat Jesus hulle streek onmiddellik moes verlaat. Die sorg van die wêreld was te veel en die wêreldse rykdom te belangrik vir hulle. Hulle bestaan het voorrang geniet bo die nood van die mense. Hulle het die magtigste en die mees simpatieke persoon in die geskiedenis verdryf sonder om hulp vir enige van hul vriende en bure te soek.

Die verlore man, daarenteen, het positief gereageer op Jesus se oproep om Hom te volg. Jesus se reaksie hierop het hom miskien verbaas. Hy het hom beveel om terug te gaan huis toe en sy bevreesde vriende en bure te vertel van wat Jesus vir hom gedoen het.

Die man het onmiddellik gehoorsaam. Hy het die goeie nuus in die dorp waar hulle Jesus verdryf het, versprei en vir almal presies vertel wat Jesus vir hom gedoen het. Jesus se oproep tot geloof is 'n oproep tot toewyding aan die missie wat Hy vir ons definieer en nie tot die dinge wat ons wil doen nie.



TOEPASSING

Help jou groep om te bepaal hoe die waarhede uit hierdie Skrifgedeelte direk op hulle lewe van toepassing is.

- Wat verhinder jou om oor Jesus se wonderwerke in jou hart en in jou lewe te getuig?
- Jesus het outoriteit oor demone (en alle dinge). Hoe kan hierdie feit jou help om te getuig van sy krag in jou lewe?
- Watter oënskynlik onoorwonne magte in jou lewe moet jy oorgee aan Jesus sodat Hy daarvan kan verlos? Hoe kan hierdie manier van leefwyse ander na Jesus toe lei?

GEBED

Loof Jesus, die Seun van die Allerhoogste God, wie se mag en gesag lewens verander. Dank Hom vir die werk wat Hy in jou lewe gedoen het en nooi Hom om jou hierdie week geleenthede te gee om dit met ander mense te deel.

